# DIE P.U.K. VIR C.H.O. 1921-1942.

„Nademaal die instelling bekend as, „Het Potchefstroomse Universiteitskollege voor Christelik Hoger Onderwys" bestaande te Potchefstroom en hebbende ten doel die onderrig in sekere takke van hoër onderwys, ooreenkomstig artikel *twee* van Wet No. 25 van 1921 regspersoonlikheid verkry het en verhoog is tot die status van 'n kollege onder die naam van „Het Potchefstroom Universiteitskollege";

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen . . . . hierby verklaar, proklameer en bekend maak dat die gesegde Potchefstroomse Universiteitskollege sal en word hierby toegevoeg aan die tweede bylaag van Wet No. 12 van 1916 en sal en word hierby 'n samestellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika." So lui die proklamasie in die Staatskoerant van 15 Julie 1921. Die inkorporasie van die kollege by die Universiteit van Suid-Afrika was 'n voldonge feit.

Dit was 'n nuwe en belangrike mylpaal in die geskiedenis van die P.U.K. vir C.H.O. Die ontstaan van die Inrigting moet egter veel verder in die verlede gesoek word, nl. in 1869 by die stigting van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk, waarvan dit jarelank die sg. „Literariese Department" uitgemaak het—'n belangrike feit, waardeur die Calvinistiese grondslag van die Inrigting bepaal is.

Toe die Kuratore in 1919, na 50 jaar, met die Regering onderhandel het oor subsidiëring van die „Literariese Departement," is staatsteun toegesê op voorwaarde dat hierdie Departement van die Teologiese Skool geskei sou word en onder 'n eie Raad sou staan. „Het Potchefstroomse Universiteitskollege voor Christelik Hoger Onderwys" het so tot stand gekom. Die toekoms was egter alles behalwe rooskleurig: staatsteun is slegs vir drie jaar toegestaan, die Inrigting was klein en sonder geboue of gronde en was, wat leerplanne en eksamens betref, heeltemal geskoei op die lees vir eksterne studente.

Op die eerste vergadering van die Raad, gehou op 23 Julie 1919, het die Voorsitter, ds. (later prof.) J. A. du Plessis, hom dan ook in sy openingswoord as volg uitgelaat: „Ons staan op 'n keerpunt en weet nie wat die toekoms ons sal bring nie. Ons hoop die beste. Vir drie jaar is die kollege aan onse sorg toevertrou. Ons sal onse bes doen om die Inrigting in bloei te hou en voortbou op die fondament wat gelê is." 1)

Die groot struikelblok in die weg van inkorporasie by die Universi-

---

1) Vgl. notule Raad 23/7/1919.

teit van Suid-Afrika was die sg. gewetensklousule. 2) Aangesien dit spoedig geblyk het dat nie daarin geslaag sou word om verwydering van hierdie klousule binne die drie jaar te verkry nie, was 'n tweede spesiale sinode van die Gereformeerde Kerk in September 1920 deur omstandighede nodig om toestemming te verleen en die Kuratore opdrag te gee om die Kollege deur wetgewing te laat inkorporeer.

In 1921 word die „Potchefstroom Universiteitskollege (Private) Wet" gepasseer en geproklameer, en op 7 September 1921 vergader die nuwe Raad vir die eerste keer. Die P.U.K. was nou 'n samestellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika. Dit was, soos reeds gesê, 'n belangrike gebeurtenis, wat groot moontlikhede vir die toekoms van die Inrigting ingehou het; maar tog was daar ook droefheid in die harte van die ondersteuners en voorstanders, aangesien die Inrigting sy „van": „vir Christelike Hoër Onderwys" moes prysgee en ook deur die genoemde gewetensklousule gestrem kon word in die volle ontplooiing van sy Calvinistiese beginsels en die uitbouing van 'n christelike wetenskap in die Lig van Gods Woord.

Die voortbestaan van die Kollege was egter nou verseker, en met gestadige opbouingswerk kon 'n aanvang gemaak word—'n taak wat met geloofsvertroue deur die Raad en die Senaat aanvaar en deur die jare met opoffering, volharding en getrouheid uitgevoer is.

In 1921 het die studentetal op 50 gestaan, waarvan in die loop van die jaar om verskeie redes 10 die Kollege verlaat het. Drie studente het grade behaal—terwyl vyf die O.1-eksamen afgelê het. Die voltydse doserende personeel het bestaan uit die Rektor, prof. dr. F. Postma, wat sedertdien onafgebroke as rektor opgetree het, proff. J. Kamp, dr. S. P. E. Boshoff, A. P. C. Duvenage, en J. C. van Rooy en die volgende Lektore: L. J. du Plessis, H. G. Schulze, A. J. H. v.d. Walt, D. J. du Plessis en G .T. S. Eiselen. As spesiale lektore het opgetree proff. J. A. du Plessis en dr. J. D. du Toit, Mnre. J. S. van Heerden en J. Chris. Coetzee en pastor A. Kohl; terwyl die administrasie behartig is deur ds. W. J. de Klerk, wat opgetree het as Registrateur en Bibliotekaris. Opleiding is verskaf in Klassieke Tale en Lettere, Moderne Tale en Lettere, Filosofie, Teologie, Geskiedenis, Opvoedkunde, Wis- en Natuurkunde, Skeikunde en Plant- en

---

2) Wet No. 12 van 1916, Art. 25: „Niemand mag op enigerlei wijze aangaande zijn godsdienstige gezindheid getoetst worden als voorwaarde om gegradueerde van de Universiteit, of professor, lector, docent of student van de Universiteit te worden of blijven of om daarin een ambt, emolument of voorrecht te bekleden of te genieten, zullende tevens aan niemand de voorkeur gegeven of een voordeel onthouden worden op grond van zijn godsdienstige gezindheid."

Dierkunde. Aangesien die Inrigting oor geen geboue beskik het nie, moes die ou woonhuis van President Pretorius, wat van Mev. McLachlan gehuur is teen 'n bedrag van £16 10s. per maand. as Kollegegebou diens doen.

Dit sal seker nie onvanpas wees om in 1942, die jaar van die mondigwording van die P.U.K. as konstituerende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika, 'n blik te werp op die groei en ontwikkeling van die Inrigting van een van die kleinste tot een van die grootste Universiteitskolleges. Gerieflikheidshalwe word die tydperk van 21 jaar verdeel in die volgende periodes:

A. 1921 tot 1927.
B. 1928 tot 1934.
C. 1935 tot 1942.

A 1921--1927.

Die eerste sewe jaar in die geskiedenis van die P.U.K. was jare van stryd en worsteling; maar tog was dit 'n periode van gestadige groei, waarin die studentetal van 50 in 1921 tot 186 in 1927 styg (vgl. tabel 1), terwyl die totale aantal grade en diplomas behaal, van 8 tot 36 vermeerder (vgl. tabel 2). Die doserende personeel, wat in 1921 uit 5 professore, 5 lektore en 5 spesiale lektore bestaan het, tel in 1927 5 professore, 6 senior lektore, 4 lektore en 4 spesiale lektore; terwyl in 1925 'n dame as tikster en klerk op die administratiewe personeel en in 1927 'n klerk in die biblioteek benoem moes word (vgl. tabel 3). Besonder opvallend is die feit dat altesaam byna die helfte van die doserende personeel gedurende hierdie tydperk met studieverlof na Europa vertrek. In die Senaatsrapport van 1926 3) sê die Rektor: „Hierdie vorderinge en bevorderinge van Professore en Lektore gee getuienis van prysenswaardige studiedrang by die staflede waardeur die kollege baie gebaat word."

Binne die eerste paar jaar van sy bestaan moes die jong Inrigting twee van sy Professore deur die dood verloor. Op 7 Mei 1923 is Prof. A. P. C. Duvenage, M.A., oorlede. van wie die Rektor sê: „Vir ongeveer 16 jaar was hy werksaam aan die kollege en het in die tyd, wat byna deurgaans 'n tyd van harde worsteling was, veel gedoen tot bevordering van die kollege en in die algemeen van onderwyssake in Potchefstroom." 4) In sy plek is benoem as senior Lektor Mnr. D. J. van Rooy, M.A. Op 25 Julie 1924 is Prof. J. Kamp na 'n dienstyd van 19½ jaar oorlede. In die Senaatsrapport van 1925 5) lui dit: „Die kollege is 'n man van betekenis

---

3) Vgl. Jaarboek P.U.K. 1927, bl. 43-48.
4) Vgl. Senaatsrapport 1923, Jaarboek P.U.K. 1924, bl. 43-48.
5) Vgl. Jaarboek 1926, bl. 43—47.

armer geword, 'n man in wie diepe godsvrug verenig was met ryke kennis waarmee treffende eenvoud gepaard gegaan het." Die vakature is opgevul deur die benoeming van mnr. G. Dekker, M.A. as lektor.

Aan die einde van 1927 dien ds. W. J. de Klerk sy bedanking in as Registrateur—'n betrekking wat hy vir 8 moeilike jare met toewyding en bekwaamheid beklee het. In die Senaatsrapport van 1927 6) lees ons: „Sy ywer en bekwame finansiële beleid was ongetwyfeld een van die faktore wat aansienlik tot die bloei van die kollege bygedra het. Christelike onderwys het altyd die liefde van sy hart gehad en vir 'n groot deel het hy die verwesenliking van sy ideaal beleef." Die P.U.K. het ds. de Klerk nie lank laat „rus" nie. Hy is in 1928 verkies as raadslid, en sedert 1930 tot by die uittrede in Junie 1942 tree hy op as Voorsitter van die Raad. Hy is in 1928 opgevolg deur Prof. J. C. van Rooy as Registrateur en mnr. S. du Toit as Assistent-Registrateur.

Wat studiekursusse betref, kon daar om finansiële redes in hierdie tydperk nie veel uitbreiding plaasvind nie. Wel is 'n aanvang gemaak met die doseer van die vakke Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis en Aardrykskunde.

Nieteenstaande alle tekens van gesonde, inherente groeikrag word hierdie eerste periode, en veral die eerste paar jaar daarvan, gekenmerk deur 'n sorgwekkende gebrek aan finansiële middele. In die verband moet in die eerste plek gewys word op die „invidious distinction" vervat in Art. 19 van die Kollegewet van 1921, waarvolgens „de jaarlikse bijdrage van de Regering tot ondersteuning van het Kollege . . . . beperkt worden zal tot de verhouding van £1 tot £1 en een maksimum bedrag van £4,000." Gelukkig is daar bygevoeg „Met dien verstande dat de Minister de beperking door dit artikel opgelegd van tijd tot tijd gedeeltelik of te enige tijd geheel mag opheffen."

Dit is vanselfsprekend dat hierdie finansiële beperking uiters stremmend moes inwerk op die groei en ontwikkeling van die jong inrigting. In die raadsnotule van hierdie jare lees ons dan ook telkens van „finansiële tekort," „hersiene begroting," „oortrokke bankrekening" en van deputasies na die Minister om sy prerogatief te gebruik en die beperking op staatsteun op te hef. Ook in die senaatsrapporte word gereeld melding gemaak van die saak. So word bv. in die begroting vir 1923 die inkomste beraam op £8,000 en die uitgawe op £11,032—dus 'n tekort van

6) Vgl. Jaarboek 1928, bl. 45-49.

ongeveer £3,000. Met die oog hierop besluit 'n vergadering van Professore en Lektore op 23 Februarie 1923:—

(a) om 20% van die salaris af te gee.

(b) om salarisse agteruit in plaas van vooruit te ontvang.

(c) om drie maande se salaris renteloos te leen aan die Raad.

Ook die Raad het alle moontlike pogings in die werk gestel om die posisie te red en die inkomste van die Inrigting te vermeerder. Sedert September 1921 tot April 1923 het nie minder as ses deputasies die saak van die P.U.K. voor die Minister van Onderwys gaan bepleit nie. Reeds op sy eerste vergadering gehou 7 September 1921, oorweeg die Raad 'n aanbeveling van die Senaat om 'n Organisator te benoem om gelde in te samel. Op die volgende vergadering word kennis geneem dat die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys £240 vir die doel beskikbaar gestel het, en word die werk aan proff. Postma en J. C. van Rooy opgedra. Verder word versoeke om finansiële hulp gerig tot die Provinsiale Raad, vriende in Nederland, munisipaliteite en ander publieke liggame.

In hierdie kritieke tyd in die stryd om die bestaan van die Inrigting kon daar gelukkig staat gemaak word op die geldelike steun van die Gereformeerde Kerk (£2,000 per jaar), die Stadsraad van Potchefstroom (£250 per jaar) en die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys saam met vriende uit Nederland (1921 £250, 1922 £800; 1923 £500).

Op 12 April 1923 kon die Rektor eindelik aan die Raad rapporteer dat die werk van die sesde deputasie na die Minister met sukses bekroon is en dat die regeringstoelaag verhoog is tot £6,450 per jaar. In die senaatsrapport oor die jaar 1923 7) lees ons: „Die haatlike onderskeiding is gelukkig nou vir 'n groot deel weggeneem, sodat die bydrae nou jaarliks £6,450 is, maar nog is dit £2,000 minder as wat die Kollege volgens regulasie toekom. In die naaste toekoms sal ook hierin verandering moet kom; niks meer as wat reg is, word gevra." Eers in 1925 kon gerapporteer word dat die Kollege op gelyke voet met ander kolleges behandel word.

'n Ander saak wat in hierdie tyd die aandag van die Raad geverg het, was die oprigting van geboue. Soos reeds gemeld, is die lesings in huurgeboue gehou. 'n Deel van die personeel moes hom behelp met 'n privaat woonhuis, 'n ander deel met die saal van die Teologiese Skool, 'n derde deel met buitekamers, terwyl die ou kerkgeboutjie van die Gereformeerde

---

7) Vgl. Jaarboek 1924, bl. 43-48.

Kerk as laboratorium moes diens doen. Niemand kon sê waar die P.U.K. is nie.

Reeds in 1919 is 'n poging aangewend om grond vir die Inrigting te verkry. Toe het die keuse geval op die s.g. Cachetplein, geleë tussen Tom- en Hoffmanstraat. In 1922 slaag die Raad daarin om van die Stadsraad, hoofsaaklik deur bemiddeling van prof. Duvenage, die destydse burgemeester, 35 morge grond vir die Inrigting te kry.

Die oprigting van geboue vir klaskamers, laboratoria en losieshuise was dringend noodsaaklik, en reeds op 5 Oktober 1921 besluit die Raad: „Om by die H.Ed. Regering aansoek te doen vir 'n lening van £25,000 wat as volg besteed sal word:

| | |
|---|---|
| Vir kollege en laboratoria gebou .... .... .... .... .... .... | £15,000 |
| Vir kosthuis .... .... .... .... .... .... .... .... .... .... .... .... | £8,000 |
| Vir uitbreiding en uitrusting van Laboratoria .... .... | £2,000" 8) |

Op sy volgende vergadering, 24 November, 1921. gee die Raad aan die Registrateur opdrag om verlof van die Minister te verkry om planne vir die geboue te laat opstel en aan die Komitee vir Geboue en Gronde om die planne uit te voer.

Toe die Regering nie hierdie versoek wou toestaan nie, is in 1923 met die Departement van Verdediging onderhandel en is 'n aantal sinkgeboue aangekoop en op die kollegeterrein opgerig. Die gelde daarvoor (£4,000) moes by die Bank geleen word, en lede van die Raad en Senaat moes persoonlik as borge teken—'n uiters ongewenste toestand, wat gelukkig in 1924 verhelp is toe die Regering 'n lening vir die bedrag beskikbaar gestel het. Met dankbaarheid vir die krummeltjies word in die senaatsrapport vir 1923 opgemerk: „Eie geboue kan op eie gronde opgerig word. Weliswaar is die geboue maar nederige sinkgeboue, maar 'n begin is dan tog eindelik gemaak."

Die oprigting van hierdie geboue is as 'n bloot tydelike maatreël beskou. In 1926 beklemtoon die Senaat die noodsaaklikheid van die oprigting van doelmatige, permanente geboue, en in 1927 besluit die Raad om 'n aanvang te maak met die insameling van 'n som van £25,000 vir die doel.

Dit spreek vanself dat ook ander belangrike sake moes ly onder die knellende gebrek aan fondse. Tog kon jaarliks gerapporteer word van uitbreiding van die biblioteek, die uitrusting van die laboratoria en die leningsbeursfonds. In 1926 is die Raad deur 'n regeringslening instaat gestel om die probleem i.v.m. die losieshuis op te los deur die oprigting

8) Vgl. Raadsnotule 5/10/1921.

van 'n gebou met huisvesting vir ongeveer 50 kosgangers, wat in 1927 in gebruik geneem is. Die bekende „Heimat" was dus die eerste permanente gebou op die kollege-terrein.

'n Ander saak wat in hierdie periode die aandag geniet, is die Gewetensklousule. 'n Veldtog om die verwydering daarvan is op tou gesit, en 'n sentrale komitee is gevorm bestaande uit verteenwoordigers van al drie die Kerke en van die twee groot politieke partye van daardie dae. Die Minister van Onderwys, gesteun deur die Regering, het egter in 1926 besluit dat, indien 'n wetsontwerp in dier voege deur die Volksraad aangeneem word, die regeringsbydrae aan die Kollege verminder sou moes word. Terwyl nog met hierdie saak voortgegaan is, het 'n ander onweerswolk oor die P.U.K. saamgepak.

B. 1928—1934:

Skaars was die moeilikhede van die eerste jare, wat soveel selfopoffering en stryd van die voorstanders geverg het, verby, of 'n ander slag tref die P.U.K. 'n Universiteitskommissie deur die regering benoem, besoek die Inrigting in Oktober 1927 en publiseer in Julie 1928 sy rapport, waarin beweer word dat die P.U.K. „volgens sy konstitusie onder die vaste beheer is van die outoriteite van 'n godsdienstige rigting wat ongeveer 2.6% van die Europese bevolking van die Unie uitmaak" en dat daar 'n groot gebrek bestaan aan „onderlinge geesteswrywing" as gevolg van geringe getalsterkte en gebrek aan verskeidenheid van studentetipes. Verder word met sterk afkeur gewag gemaak van die ondoelmatigheid en gebrekkigheid van die geboue, asook van die ontoereikende uitrusting van die biblioteek en die laboratoria. Die rapport het die onheilspellende aanbeveling ingehou dat, as daar in die gebrekkige toestand geen verbetering aangebring word nie, die Regering dit in ernstige oorweging behoort te neem of aan so 'n inrigting verdere finansiële steun verskaf moes word.

Dit was 'n ernstige bedreiging vir die bestaan van die Inrigting, en weer moes die moedige stryders terwille van hulle beginsels en hulle ideale van Christelike hoër onderwys, wat hulle in die P.U.K. verwesenlik gesien het, al hulle kragte inwerp om die Inrigting te red.

'n Kragtige verweerskrif, waarin die bewerings van die Kommissie ontsenu is, is in brosjurevorm uitgegee 9). Verder is deur die Raad besluit om die Rektor vry te stel van sy klaswerk en aan hom op te dra om 'n veldtog dwarsdeur die land op tou te sit vir die insameling van geld vir die oprigting van die nodige geboue, die behoefte waaraan reeds telkens deur die Raad beklemtoon is en waarvoor die Regering nog steeds

9) Vgl. **Jaarboek 1929, bl. 173-191.**

'n lening geweier het. Met die deeglikheid en ywer waarvoor hy bekend is, het prof. dr. Postma, bygestaan deur ander lede van die personeel, die organisasie aangepak. Binne 'n tydperk van 2 jaar is deur die land altesaam 94 P.U.K.-komitees gestig met die doel om gelde vir die boufonds in te samel, die Inrigting te propageer en die saak van Christelike hoër onderwys te bevorder.

Die flinke steun uit alle dele van die land het spoedig die bewering van die Kommissie geloënstraf en die Regering oortuig van die reg van bestaan van die Inrigting, sodat die Rektor in die jaarverslag van 1929 10) met dankbaarheid melding kon maak van die feit dat die Ed. Regering aan die Kollege 'n lening van £30.000 toegeken het vir die oprigting van geboue."

Gedurende die dae 2 tot 4 Augustus 1930 kon die P.U.K. fees vier. Op 2 Augustus is 'n kongres van P.U.K.-komitees gehou, en op 4 Augustus word die hoeksteen van die hoofgebou gelê deur dr. D. F. Malan, Minister van Onderwys, wat by die geleentheid verklaar dat hierdie hoeksteenlegging bewys is van die bestaansreg van 'n inrigting van hierdie aard en dat die Regering die reg van voortbestaan van die P.U.K. erken en bereid is om hom alle moontlike fasiliteite te gee. 11)

Toe die Rektor by die geleentheid 'n nuwe metode van insameling van geld aankondig, die sg. kamerstelsel, waarvolgens die koste van die hoofgebou per kamer bereken is, met die oog daarop dat persone, liggame of P.U.K.-komitees elk 'n kamer vir sy rekening kan neem, is binne korte tyd vertrekke ten bedrae van £7,301 uitbestee.

Op 4 April 1931 het die offisiële ingebruikneming van die hoofgebou plaasgevind in aanwesigheid van senator F. S. Malan en ander vooraanstaande gaste.

Saam met die hoofgebou is ook opgerig twee losieshuise, een vir dames- en een vir manstudente, en 'n laboratorium vir Natuurkunde. 'n Lening van £30,000, aangevra vir die ander laboratoria, is nie toegestaan nie weens die feit dat die Regering die leningsbegroting so laag moontlik wou hou met die oog op die treurige ekonomiese toestand.

Die ekonomiese depressie wat van 1929 tot ongeveer 1934 geheers het, het vanselfsprekend die Boufonds, wat nog steeds die aandag geniet het, nadelig getref, en die jaarlikse bydraes het aanmerklik gedaal, (vgl. tabel 5). Die feit dat die ondersteuners van die Inrigting selfs in 1933

---

10) Vgl. Jaarboek 1930, bl. 60-65.

11) Vgl. Die Potchefstroom Universiteitskollege: Hoeksteenlegging van die Hoofgebou, 4 Augustus 1930, bl. 71.

onder die ongunstigste ekonomiese toestande en tydens 'n ongeëwenaarde droogte die Boufonds nog met 'n bedrag van £1,322 gestyf het, spreek egter van onuitblusbare belangstelling in en onkreukbare trou aan die P.U.K. en die ideale wat hy voorstaan.

Die depressie het hom ook laat geld in die algemene finansiële toestand van die Inrigting. So lees ons in die Senaatsrapport van 1932 12): „Met begrotings, hersiene begrotings en nogmaals hersiene begrotings om maar altyd te besuinig het die administrasie geen aangename werk gehad nie. Tye van depressie laat syfers 'n ongewone rol speel." En verder: „Hier mag ook wel gesê word dat die staflede, ook lede van die administratiewe staf, eenparig en sonder enige beswaar hulle ook 'n aansienlike besnoeiing van hulle salarisse laat welgeval het." Uitbreiding van personeel, kursusse, ens. is ernstig aan bande gelê. Weens die noodsaaklikheid van drastiese besnoeiing van uitgawes moes in 1932 selfs oorgegaan word tot die afskaffing van poste. In verband hiermee lui dit in genoemde jaarrapport: „Die P.U.K. werk met 'n minimum-staf op die oomblik en enige verdere besnoeiing wat staflede betref, sou beteken 'n afbreking van wat met veel moeite en inspanning opgebou is."

Die enigste uitbreiding waartoe met bestaande werkkragte oorgegaan kon word, was die invoering van die vak Sosiologie en die instelling van die B.Econ-graad in Publieke Administrasie, Industriële Administrasie en in Sosiale Studies.

Ook die laboratoria en die biblioteek moes ly onder die toestand (vgl. tabel 4), wat ook sy weerspieëling vind in die bedrae jaarliks aan beurse uitbestee en in die studentetal, wat vanaf 205 in 1928 styg tot 255 in die volgende jaar, dan daal tot 219 in 1931 en weer geleidelik styg tot 257 in 1933 (vgl. tabel 1).

Intussen het die saak van die verwydering van die gewetensklousule steeds die aandag geniet, dog sonder sukses. Die Raad het egter besluit om pogings in die werk te stel om die oorspronklike naam van die Inrigting terug te kry. Die Private Wetsontwerp insake die naamsverandering en die verwydering van artikel 19 van die Wet van 1921 is in 1933 gepasseer, en die Inrigting kon hom verheug in die naam: „Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys."

Nieteenstaande baie ongunstige faktore kon tog nog jaarliks vanaf 1927 in die senaatsrapporte met dankbaarheid jeens God melding gemaak word van geleidelike dog gesonde groei en uitbreiding. Die voltydse doserende personeel het van 15 tot 19 vermeerder, en die studentetal van 186 tot 263, terwyl die aantal grade en diplomas toegeken, van 36 in

12) Vgl. Jaarboek 1933, bl. 23-32.

1927 tot 58 in 1934 gestyg het. Baie van die sinkgeboue van 1927 het plek geruim vir sierlike permanente geboue, t.w. 3 losieshuise, 'n laboratoriumgebou en die hoofgebou. Die P.U.K. het uitgegroei van 'n onbeduidende inrigting wat in die oë van vele deur slegs 2.6% van die bevolking ondersteun is, tot 'n Inrigting wat amptelike erkenning afgedwing het en wat sy invloed in ons volkslewe terdeë laat geld het.

C. 1935—1942:

Ná die moeilike en veeleisende voorbereidingswerk van die voorafgaande 14 jaar, 'n tydperk waarin die natuurlike groei van die Inrigting telkens deur nuwe moeilikhede gestrem is, het die P.U.K. in 1935 'n tyd van onverstoorde en gesonde uitbreiding tegemoet gegaan, waarin die natuurlike groeikrag van die Inrigting tot volle ontplooiing kon kom.

'n Saak wat dringende aandag vereis het, was die oprigting van 'n nuwe losieshuis vir damestudente en geboue vir die verskillende laboratoria, wat nog steeds in sinkgeboue gehuisves was. In verband hiermee lees ons in die senaatsrapport van 1935 13) : „Daar lê nog werk voor, maar met die seën van God en met inspirerende volharding sal ook die doel bereik word. Die wagwoord bly vir alle ondersteuners van die P.U.K.. ‚Ons sal ons opmaak en bou met die troffel in die hand.' "

Die Boufonds het dan ook steeds die aandag geniet, en in 1935 word 'n nuwe stelsel van insameling van bydraes, die sg. stoporderstelsel, in werking gestel. In die volgende jaar word die stelsel deur welwillende medewerking van die betrokke administrasies uitgebrei tot onderwysers (-esse) van Transvaal en persone in diens van die S.A. Spoorweë.

In 1935 kon die nuwe dameslosieshuis in gebruik geneem word. Met die bou van die laboratoria kon nie voor 1939 'n aanvang gemaak word nie, aangesien die Regering sy beleid i.v.m. hulpverlening insake die oprigting van geboue op aanbeveling van die Adamsonkommissie gewysig het. Volgens die nuwe beleid sou die Regering op die £ vir £-basis bydra, met die voorbehoud dat 'n inrigting eers sy helfte van die beraamde bedrag moet insamel, alvorens tot die oprigting van geboue oorgegaan kan word.

Met die oog hierop het die Raad in 1938 weer die Rektor van sy kolleges onthef met die opdrag om 'n bedrag van ongeveer £13,000 in te samel. Met ywer en selfopoffering het hy die Unie en selfs Suid- en Noord-Rhodesië deurreis. Danksy die milde steun wat oral ondervind is, kon prof. dr. Postma as vrug op sy onbaatsugtige arbeid in 1939 die oprigting van die laboratoria vir Skeikunde, Plantkunde, Dierkunde en Aardryks- en Aardkunde aanskou. As blyk van waardering vir sy

13) Vgl. Jaarboek 1936, bl. 29-37.

uitnemende dienste aan die Inrigting, is by die ingebruikneming van hierdie geboue op 25 Mei 1940 die laboratorium vir Skeikunde aan die Rektor opgedra en staan dit bekend as die „Ferdinand Postma-laboratorium."

Sedertdien is ook nog 'n doeltreffende gebou vir die wassery, 'n modern-ingerigte gimnastieksaal en 'n gerieflike woonhuis vir die huisvader opgerig.

Die uitbreiding t.o.v. die studentetal, personeel, ens. gedurende hierdie tydperk oortref die stoutste verwagtinge en spreek van lewenskragtige groei. In 1934 was ingeskryf 263 studente, in 1942 is die getal meer as verdubbel tot 594. Dieselfde geld ook i.v.m. die aantal grade en diplomas behaal, wat styg van 58 in 1934 tot 113 in 1942. Op die doserende personeel was daar in 1934 19 leerkragte voltyds werksaam, terwyl die getal in 1942 36 is. Die administratiewe en biblioteekpersoneel het gedurende die tydperk vermeerder van 3 tot 8 persone, bestaande uit die Registrateur, 'n voltydse Organiseerder en 6 tiksters en klerke.

Met die vermeerdering van studente en pesoneellede het gepaard gegaan 'n aanmerklike uitbreiding t.o.v. studie-kursusse. Die instelling van 'n kursus in Aard- en Aardrykskunde is in 1938 opgevolg deur die graad B.A. (Sosiale Wetenskap), wat die kwalifiserende graad vir maatskaplike werksters(-ers) is. Die ontwaking van die Afrikaner op ekonomiese gebied word weerspieël in die totstandkoming van 'n departement in Handelswetenskappe in 1939 met voorsiening in opleiding vir die grade B.Comm., M.Comm., B.Econ. en M.Econ., 'n departement wat binne twee jaar uitgegroei het tot 'n selfstandige fakulteit, die Fakulteit van Handel en Administrasie.

Belangrik is ook in dié verband die instelling van 'n kursus in Aptekerswese in 1942, sowel as die onlangse instelling van kursusse in Kunsgeskiedenis en Musiek, as voorlopers van 'n voorgenome leergang in Skone Kunste. Verder is besluit om in 1943 voorsiening te maak vir 'n driejarige kursus in Biologie. Die instelling van leergange vir die B.Sc.-graad in Huishoudkunde en Higiëne geniet tans die aandag.

„Die ontstaan en bestaan van die P.U.K. getuig van die krag van beginsels. Die oprigters het uit en vir beginsels geleef. beginsels wat wortel in die ou Protestantse geloof. Hulle beginselarbeid en -lewe was nie tevergeefs nie." 14) Daarvan getuig die groei van die P.U.K. vir C.H.O. oor die afgelope 21 jaar.

Mag onse God en Hemelse Vader ook in die toekoms, soos in die verlede, die manne beskik om die Inrigting "In U Lig" verder uit te bou, tot 'n *selfstandige Christelike Universiteit.*

Potchefstroom. H. C. VAN ROOY.

---

14) Vgl. DIE VETERAAN, Deel VI 1941, bl. 11.

# TABEL 1.

## Uitbreiding van Studentetal 1919-1942.

STUDENTE INGESKRYF.

| *Fak v. Lettere en Wysbegeerte.* | 1919 | 1920 | 1921 | 1922 | 1923 | 1924 | 1925 | 1926 | 1927 | 1928 | 1929 | 1930 | 1931 | 1932 | 1933 | 1934 | 1935 | 1936 | 1937 | 1938 | 1939 | 1940 | 1941 | 1942. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Litteraries | 5 | 2 | 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| B.A. I | 13 | 9 | 17 | 26 | 36 | 75 | 61 | 76 | 76 | 72 | 110 | 96 | 86 | 97 | 94 | 119 | 117 | 141 | 155 | 127 | 150 | 165 | 170 | 160 |
| B.A. II | 9 | 1 | 4 | 13 | 13 | 29 | 37 | 31 | 29 | 21 | 33 | 54 | 34 | 38 | 50 | 26 | 26 | 44 | 52 | 66 | 43 | 64 | 65 | 54 |
| B.A. III | 7 | 3 | 2 | 3 | 13 | 5 | 21 | 17 | 18 | 18 | 13 | 17 | 26 | 14 | 20 | 26 | 20 | 30 | 25 | 45 | 58 | 37 | 59 | 65 |
| M.A. | 5 | 5 | 3 | 5 | 2 | 8 | 6 | 5 | 8 | 15 | 15 | 10 | 6 | 10 | 13 | 15 | 15 | 10 | 12 | 24 | 21 | 24 | 23 | 29 |
| D.Litt & D.Phil. | | | | | | | | | | | | | | | | 3 | 2 | 2 | 1 | 4 | 2 | 1 | 4 | 4 |
| Totaal | 39 | 20 | 27 | 47 | 64 | 117 | 125 | 129 | 131 | 126 | 171 | 177 | 152 | 159 | 177 | 189 | 180 | 227 | 245 | 266 | 274 | 291 | 321 | 312 |
| *Fak v. Natuurwetenskappe.* | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| B.Sc. I | | 3 | 6 | 7 | 18 | 20 | 18 | 28 | 21 | 31 | 38 | 23 | 13 | 18 | 26 | 24 | 25 | 39 | 50 | 71 | 61 | 48 | 73 | 69 |
| B.Sc. II | | 1 | 2 | 2 | 5 | 10 | 14 | 7 | 6 | 6 | 10 | 22 | 19 | 14 | 14 | 10 | 9 | 17 | 19 | 24 | 31 | 25 | 31 | 35 |
| B.Sc. III | | | 1 | | 2 | 1 | 3 | 6 | 8 | 8 | 6 | 3 | 6 | 12 | 8 | 8 | 14 | 10 | 11 | 18 | 22 | 30 | 22 | 28 |
| M.Sc. | | | 1 | | | | | | | 1 | 2 | 2 | 2 | 3 | 5 | 2 | 2 | 6 | 2 | 3 | 5 | 8 | 5 | 6 |
| Ph.d of D.Phil. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 1 |
| Totaal | | 4 | 10 | 9 | 25 | 31 | 35 | 41 | 35 | 46 | 56 | 50 | 40 | 47 | 53 | 44 | 50 | 72 | 82 | 116 | 119 | 111 | 132 | 139 |
| *Fak. v. Teologie.* | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| B.D. I | | | | 1 | | 4 | 2 | 6 | 11 | 4 | 5 | 3 | 2 | 1 | 1 | 1 | 3 | | 1 | 3 | 2 | 2 | 1 | 3 |
| B.D. II | | | | | 1 | 2 | 1 | 1 | 6 | 10 | 4 | 5 | 3 | 2 | 1 | | 1 | 3 | | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 |
| B.D. III | | | | | 1 | | | 1 | 1 | 6 | 10 | 4 | 5 | 3 | 2 | 1 | 1 | 1 | 3 | | 1 | 2 | 2 | 1 |
| M.Div. | | | | | | | | | | | | | | | | 4 | 2 | 2 | 1 | | 1 | 2 | 1 | 1 |
| Totaal | | | | 1 | 2 | 6 | 3 | 8 | 18 | 20 | 19 | 12 | 10 | 6 | 4 | 6 | 7 | 6 | 5 | 4 | 6 | 7 | 5 | 6 |
| *Fak v. Opvoedkunde* | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| O.3 | | | | 7 | 23 | 11 | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| O.I H.O.D., U.O.D. | | 8 | 11 | 6 | 3 | 5 | 2 | 13 | 3 | 10 | 6 | 7 | 10 | 10 | 15 | 15 | 14 | 13 | 21 | 20 | 18 | 32 | 28 | 32 |
| M.Ed. | | | | | 1 | | 3 | 2 | 2 | 3 | 2 | 1 | 6 | 4 | 5 | 8 | 8 | 8 | 5 | 12 | 19 | 20 | 24 | 31 |
| D.Phil. | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 1 | 2 | 2 |
| Totaal | | 8 | 11 | 13 | 27 | 16 | 5 | 15 | 5 | 13 | 8 | 8 | 16 | 14 | 20 | 24 | 23 | 23 | 28 | 34 | 38 | 53 | 54 | 65 |
| *Fak v. Handel en Adm.* | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| B.Comm. I | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | | | 8 | 18 | 39 | 33 |
| B.Comm. II | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 3 | 11 | 25 |
| B.Comm. III | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 4 | 12 |
| B.Econ. I | | | | | | | | | | 2 | | | | | 2 | 1 | | | | | | | 1 | |
| B.Econ. II | | | | | | | | | | | 1 | | | | 1 | 1 | | | | | | | | 2 |
| B.Econ. III | | | | | | | | | | | | 1 | | | | 1 | | | | | | | | |
| Totaal | | | | | | | | | | 2 | 1 | 1 | | | 3 | 4 | | | | | 8 | 21 | 55 | 72 |
| Spes. kursusse | | | 2 | 1 | 1 | 3 | 2 | 5 | | 2 | | | 1 | | | | | | | 5 | 10 | 8 | 2 | |
| Studentetal *) | 39 | 30 | 50 | 69 | 119 | 172 | 170 | 198 | 186 | 205 | 255 | 248 | 219 | 226 | 257 | 263 | 260 | 328 | 360 | 425 | 455 | 491 | 569 | 594 |

*) L.W.: Die studentetal stem nie altyd ooreen met die totale aantal inskrywings nie aangesien studente soms vir meer as een kursus ingeskryf was.

# TABEL 2.

## Grade en Diplomas Behaal.

| *Fak v. Lettere.* | 1919 | 1920 | 1921 | 1922 | 1923 | 1924 | 1925 | 1926 | 1927 | 1928 | 1929 | 1930 | 1931 | 1932 | 1933 | 1934 | 1935 | 1936 | 1937 | 1938 | 1939 | 1940 | 1941 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B.A. | 7 | 2 | 1 | 2 | 10 | 5 | 18 | 13 | 17 | 12 | 13 | 13 | 23 | 18 | 20 | 31 | 16 | 23 | 28 | 41 | 48 | 40 | 56 | 457 |
| M.A. | 3 | 2 | 1 | 3 | 1 | 3 | 5 | | 3 | 4 | 5 | 4 | 3 | 7 | 3 | 6 | 4 | 6 | 2 | 3 | 3 | 8 | 5 | 84 |
| D.Litt. of D.Phil. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | 3 | 1 | 2 | 7 |
| Totaal | 10 | 4 | 2 | 5 | 11 | 8 | 23 | 13 | 20 | 16 | 18 | 17 | 26 | 25 | 23 | 37 | 20 | 29 | 31 | 44 | 54 | 49 | 63 | 548 |
| *Natuurwetenskappe.* | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| B.Sc. | | | 1 | | 2 | 1 | 3 | 1 | 9 | 4 | 7 | 3 | 6 | 14 | 6 | 7 | 11 | 4 | 6 | 16 | 17 | 25 | 16 | 159 |
| M.Sc. | | | | | | | | | 1 | | 1 | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 | 3 | 2 | 1 | 1 | 3 | 1 | 23 |
| Totaal | | | 1 | | 2 | 1 | 3 | 1 | 10 | 4 | 8 | 4 | 8 | 16 | 8 | 8 | 13 | 7 | 8 | 17 | 18 | 28 | 17 | 182 |
| *Teologie.* | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| B.D. | | | | | | | | 1 | 1 | 6 | 10 | 3 | 4 | 5 | 2 | | 1 | 2 | 3 | | 1 | 2 | 2 | 43 |
| M.Div. | | | | | | | | | | | | | | | | | | 2 | | | | | | 2 |
| Totaal | | | | | | | | 1 | 1 | 6 | 10 | 3 | 4 | 5 | 2 | | 1 | 4 | 3 | | 1 | 2 | 2 | 45 |
| *Opvoedkunde.* | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| O.I, H.O.D., U.O.D. | | | 5 | 3 | 3 | 5 | 3 | 12 | 5 | 9 | 6 | 8 | 7 | 10 | 15 | 12 | 15 | 13 | 20 | 20 | 17 | 32 | 28 | 248 |
| M.Ed. | | | | | 1 | | 1 | 1 | | 1 | | 3 | | 1 | 3 | | 4 | 3 | 3 | | | 1 | | 22 |
| D.Phil | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | 1 | | 2 |
| Totaal | | | 5 | 3 | 4 | 5 | 4 | 13 | 5 | 10 | 6 | 11 | 7 | 11 | 18 | 12 | 19 | 16 | 23 | 21 | 17 | 34 | 28 | 272 |
| *Handel en Administrasie.* | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| B.Comm. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 3 | 3 |
| B.Econ. | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | | | | | | 1 |
| M.Comm. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| M.Econ. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Totaal | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | | | | | | 3 | 4 |
| Totaal vir jaar | 10 | 4 | 8 | 8 | 17 | 14 | 30 | 28 | 36 | 36 | 42 | 35 | 45 | 57 | 51 | 58 | 53 | 56 | 65 | 82 | 90 | 113 | 113 | 1051 |

# TABEL 3.

## Vermeerdering Personeel 1921-1942.

| (a) Voltydse doserende personeel: | 1921 | 1922 | 1923 | 1924 | 1925 | 1926 | 1927 | 1928 | 1929 | 1930 | 1931 | 1932 | 1933 | 1934 | 1935 | 1936 | 1937 | 1938 | 1939 | 1940 | 1941 | 1942 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Professore.... .... | 5 | 6 | 6 | 5 | 5 | 5 | 5 | 6 | 6 | 9 | 11 | 11 | 14 | 14 | 15 | 15 | 16 | 16 | 16 | 17 | 17 | 17 |
| Sen. Lektore | | | | 1 | 1 | 5 | 6 | 6 | 9 | 7 | 5 | 5 | 2 | 2 | 1 | 2 | 4 | 4 | 4 | 3 | 4 | 4 |
| Lektore | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | 4 | 4 | 1 | | | | | 1 | 1 | | | | 6 | 8 | 9 | 10 |
| Assistente | | | | | | | | | | 1 | 1 | 1 | | 2 | 4 | 2 | 9 | 8 | 3 | 2 | 2 | 5 |
| Totaal voltydse personeel | 10 | 11 | 11 | 11 | 11 | 15 | 15 | 16 | 16 | 17 | 17 | 17 | 16 | 19 | 21 | 19 | 29 | 28 | 29 | 30 | 32 | 36 |
| (b) Spes. Lektore en deeltydse hulp. | 5 | 5 | 5 | 5 | 6 | 4 | 4 | 6 | 4 | 4 | 4 | 4 | 5 | 7 | 10 | 10 | 11 | 12 | 15 | 18 | 18 | 14 |
| (c) Administratiewe en Biblioteek-personeel | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 5 | 5 | 7 | 7 | 8 | 8 |

# TABEL 4.

## Uitbreiding Biblioteek 1930-1942.

| | 1930 | 1931 | 1932 | 1933 | 1934 | 1935 | 1936 | 1937 | 1938 | 1939 | 1940 | 1941 | 1942 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) Boeke .... .... .... .... .... | 6.326 | 7,207 | 7,623 | 8,305 | 10,005 | 10,563 | 11,800 | 12,733 | 14,132 | 14,446 | 15,279 | 18,172 | 20,017 |
| (b) Tydskrifte .... .... .... .... | 99 | 110 | 117 | 117 | 94 | 114 | 130 | 247 | 267 | 270 | 270 | 270 | 384 |

# TABEL 5.

| | 1921 £ | 1922 £ | 1923 £ | 1924 £ | 1925 £ | 1926 £ | 1927 £ | 1928 £ | 1929 £ | 1930 £ | 1931 £ | 1932 £ | 1933 £ | 1934 £ | 1935 £ | 1936 £ | 1937 £ | 1938 £ | 1939 £ | 1940 £ | 1941 £ | Totaal £ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) Kollege gelde: | 589 | 1,110 | 1.924 | 2,611 | 2,875 | 3,455 | 3,125 | 3,150 | 4,268 | 3,971 | 3,836 | 4.206 | 5,444 | 5,427 | 6,095 | 7,293 | 8,325 | 9,538 | 10,488 | 11,570 | 12,839 | 112,139 |
| (b) Subsidie Regering | 3,928 | 4,000 | 5,838 | 6,938 | 8,095 | 9,030 | 9,943 | 10,547 | 10,998 | 11,576 | 10,896 | 9,576 | 10,412 | 11,701 | 12,000 | 12,000 | 13,140 | 14,259 | 15,750 | 17,672 | 17,884 | 225,183 |
| (c) Bydrae Boufonds: | | | | | | | 707 | 496 | 2,733 | 2,116 | 2.567 | 852 | 1,322 | 1,025 | 2,126 | 2.021 | 2,545 | 5,726 | 4,701 | 2,649 | 2,054 | 33,640 |